Persverklaring

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

HOEVEELHEID UITSTALRUIMTE EN STEUN VAN UITSTALLERS VIR AUTOMECHANIKA SA OORSKRY ORGANISEERDERS SE VERWAGTINGE

Automechanika Suid-Afrika, wat van 18 tot 21 Maart by die Expo-sentrum in Johannesburg gehou word, het die stoutste verwagtinge van die organiseerders, Dogan Trading, oortref wat die omvang van die verkoopte uitstalruimte en die aantal uitstallers betref.

Die eerste Automechanika SA sal trouens Automechanika se grootste aanvangskou ter wêreld wees, met nagenoeg 25 000m^2 se algehele ruimte wat reeds verkoop is – binnenshuis sowel as buite in die ope lug.

Die vorige grootste hoeveelheid ruimte wat vir ‘n eerste skou verkoop is, was 9 500m^2 in St. Petersburg, Rusland, terwyl die meeste eerste skoue in die res van die wêreld telkens net sowat 5 000m^2 se uitstalruimte behels het.

“Ons is absoluut in ons noppies met die baie positiewe plaaslike en internasionale aanvaarding van Johannesburg as die jongste bestemming vir hierdie gewilde voertuigverwante handelskou wat oorspronklik 20 jaar gelede in Duitsland afgeskop het en sowat 10 jaar gelede regoor die wêreld begin uitbrei het,” het die skoudirekteur vir Automechanika Suid-Afrika, Philip Otto, gesê.

“Ons het ook al baie registrasies en navrae ontvang van mense uit lande buite Suid-Afrika wat beplan om Johannesburg toe te kom om hierdie wêreld-vertoonkas van voertuig-produkte – van vervangings- en versieningsonderdele tot werkswinkel-toerusting, motorwastoerusting, duikklop- en botshersteltoerusting sowel as verftoerusting te kom besoek.

“Meer as 300 maatskappye sal hul ware kom uitstal, wat selfs beter as ons oorspronklike teiken van 250 is. Die meeste daarvan is van lande buite Suid-Afrika.

“Altesaam 11 lande het internasionale uitstallings bespreek – Duitsland, Italië, Spanje, China, Thailand, Turkye, Taiwan, Indië, Brasilië, Argentinië en Maleisië. Daarbenewens het ‘n aantal individuele maatskappye uit Doebai, die VSA, die Verenigde Koninkryk, Japan, Griekeland, Pole, Egipte en Peru hul eie stalletjies bespreek, wat beteken altesaam 20 lande word verteenwoordig as ons Suid-Afrika bytel,” het die skoubaas gesê.

“Dit is verfrissend om al die optimisme te sien wat uit baie van hierdie maatskappye en die verskillende lande se verteenwoordigers straal. Hulle werk uit die aard van die saak op die veronderstelling dat pessimisme aansteeklik is en daar is nog baie besigheid beskikbaar, en hulle gaan probeer om dit te bekom.

“Die feit dat baie mense die gordel in hierdie moeilike ekonomiese tye stywer trek, lei daartoe dat sommige maatskappye en individue hul voertuie langer hou voordat hulle dit inruil, dus beteken dit ‘n groter vraag na instandhoudings- en herstelonderdele, wat goeie nuus vir uitstallers by Automechanika SA is.
“Handelskoue is die ideale bymekaarkomplek vir eendersdenkende sakemense en ons glo Automechanika SA sal die ideale toonvenster-geleentheid vir skoubesoekers wees.

“Daarbenewens beteken die afname in uitvoer van Suid-Afrikaans geboude voertuie dat baie van die komponent- en bybehoreverskaffers oortollige kapasiteit het, dus kan ons verwag dat baie van hulle Automechanika SA sal gebruik om alternatiewe markte vir hul produkte te kry,” het Otto bygevoeg.

“Die feit dat ons ‘n voertuig-naverkopeskou met ‘n erkende internasionale reputasie aanbied, is ‘n groot pluspunt. Hoewel dit die eerste keer is dat hierdie bekende handelsnaam ‘n plaaslike byeenkoms steun, is dit goed onder baie van die uitstallers bekend, van wie ‘n groot aantal Automechanika-uitstallings in ander dele van die wêreld bygewoon het – veral die hoofbyeenkoms elke jaar in Frankfurt.

“Ons glo die tydsberekening van ons skou – in die eerste kwartaal van 2009 – is ook in pas met die langverwagte Voertuigproduksie- en ontwikkelingsplan (VPOP) wat onlangs aangekondig is, om die weg te baan vir die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse motorbedryf van 2013 – 2020 aangesien die bestaande Motornywerheidsontwikkelingsplan (MNOP) in 2012 tot ‘n einde kom,” het Otto gesê.

“Daarbenewens verkeer handelaarskappe se versieningsgeriewe onder toenemende druk weens die groot styging in voertuigverkope die afgelope vyf jaar, en operateurs sal kyk na toerusting wat hul ondernemings meer tyd- en kostedoeltreffend sal maak. Dit is ‘n belangrike segment van die uitstallings by enige Automechanika-skou en ek is seker baie oplossings vir die voortdurend veranderende vereistes van voertuigversieningsoperateurs sal in Maart 2009 by die Expo-sentrum te sien wees,” het Otto afgesluit.

Johannesburg sluit hom nou by 12 ander stede in 11 lande aan wat reeds ‘n Automechanika-skou huisves. Hulle is Frankfurt (Duitsland), Doebai (Midde-ooste), Istanbul (Turkye), Kuala Lumpoer (Maleisië), Toronto (Kanada), Mexikostad (Mexiko), Italië (Rome), Shanghai (China), Buenos Aires (Argentinië), Bangkok (Thailand), St. Petersburg en Moskou (Rusland).

Die hoofbyeenkoms op die Automechanikakalender is die skou wat elke twee jaar in Frankfurt gehou word. Dié skou het verlede jaar 161 000 besoekers uit 146 lande gelok, wat beklemtoon hoe toenemend belangrik die voertuig-naverkopemark is noudat verkope van nuwe voertuie drasties verlangsaam en eienaars gedwing word om hul rygoed langer te hou.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za